

GEMEENTEBOU IN SUID-AFRIKAANS-NEDERLANDSE PERSPEKTIEF: PRAKTIESE TEOLOGIE, DIAKONIOLOGIE OF EKKLESIOLOGIE?

L M. Erasmus¹

OPSOMMING

Gemeentebou is 'n teologiese dissipline in die kader van die kommunikatiewe handelingswetenskaplike beoefening van Praktiese Teologie. Word die literatuur oor gemeentebou egter nagegaan, is dit duidelik dat diepgaande verskille bestaan oor die ensiklopediese verantwoording van die dissipline. Aangesien gemeentebou as deeldissipline van Praktiese Teologie ensiklopedies ingebed is in 'n nuwe wetenskapsparadigma, kom wesenlike gereformeerde-ekkesiologiese vertrekpunte op basis van die Skrif en die belydenis in die gedrang. Die inkongruensie tussen kofessionele uitgangspunte en wetenskaplik-teologiese arbeid gekomplementeer met sosiaal-wetenskaplike metodes en insigte, is tiperend van die paradigroverskuiwing wat die handelingswetenskaplike kenteorie poneer. In die lig hiervan word 'n ensiklopediese weg vir gemeentebou in verband met die ekkesiologiese vakgroep voorgestel. Op die basis van 'n gereformeerde en diakoniologiese vertrekpunt word 'n Skriftuurlike kerkerde as deurgang vir gemeentebou beredeneer. Langs hierdie weg kom die regering van Christus en die opbou van die gemeente in 'n spanningslose samehang tereg. Die onderwerp word vanuit 'n Suid-Afrikaans-Nederlandse verband hanteer in die lig van die tipiese ooreenkomste in die teologiese beredenering én kritiek op gemeentebou in beide lande.

SUMMARY

Congregation building is a theological discipline in the field of Practical Theology. The discipline is handled according to the communicative theological operational science paradigm. A survey of the literature confirms undoubtedly that deep-rooted differences exist with regard to the encyclopaedic placement of the discipline. As a sub-discipline of Practical Theology, congregation building is typical of a new science paradigm. This new approach thus affects the reformed ecclesiological viewpoint in the light of Scripture and the reformed confession in a negative way. The break between reformed and confessional premises on the one hand and a scientific theological approach complemented with insights and methods of the social sciences on the other hand, testifies of a paradigm shift in the operational

1 Dr L M Erasmus, NG Gemeente Welkom-Wes, Posbus 233, Welkom, 9460.

science approach. Therefore, a new encyclopaedic approach for congregation building regarding Ecclesiology is considered. A Scriptural church order — as the means by which the reign of Christ and the building up of the congregation can emerge, hanging together without tension — is considered from a reformed and diaconological perspective. The subject is dealt with in the light of a Netherland-South-African perspective because of the similarities in the theological views and the criticism on congregation building in the two countries.

1. INLEIDING

Gemeentebou is een van die mees invloedryke teologiese dissiplines van ons tyd. In die kader van die kommunikatiewe handelingswetenskaplike beoefening van Praktiese Teologie (vgl. Pieterse 1993), staan gemeentebou in die teken van 'n duidelike kenteoretiese keuse en beslissing. Word die literatuur oor gemeentebou egter nagegaan, blyk dit dat die weë in verskillende denkrigtings uiteenloop. Selfs onder teoloë in kerke met 'n gemeenskaplike gereformeerde tradisie, tree diepgaande verskille en kritiese vrae aan die lig. Kan gemeentebou as onderdeel van handelingswetenskaplike Praktiese Teologie beoefen word? Word 'n gereformeerde ekklesiologiese vertrekpunt op basis van die Skrif en belydenis, deur die handelingswetenskaplike paradigma veilig gestel? En, staan gemeentebou bloot formeel in verband met die ekklesiologiese vakgroep, of moet hierdie verband ook in die teologiese kurrikulering gehonoreer word? Die opgaaf van hierdie artikel is om gemeentebou as teologiese dissipline met die oog op die gereformeerde-kerklike tradisie, ensiklopedies uit te klaar. Die onderwerp leen hom uit die aard van die saak vir 'n Suid-Afrikaans-Nederlandse verband.² As gevolg van die kerklik-teologiese

- 2 Gemeentebou word as teologiese dissipline binne die gereformeerde/hervormde kerke in Suid-Afrika en in Nederland oorwegend as 'n onderdeel van Praktiese Teologie/Diakoniologie beskou. Die Nederlandse Hervormde Kerk, die GKN, die Ned. Geref. Kerk en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika plaas gemeentebou onder Praktiese Teologiese of Diakoniologie (vgl. Heitink 1993: 271; Noordegraaf 1994: 5; Agende 1986: 414) terwyl die Vrygemaakte Gereformeerde Kerke die vak selfstandig by Kerkreg plaas maar dit tog nie met die ekklesiologiese vakke integreer nie (vgl. Te Velde 1989). Die Christelike Gereformeerde Kerke plaas gemeentebou ensiklopedies onder Kerkreg

vetwantskap tussen hierdie twee lande, is daar tipiese ooreenkomste in die teologiese beredenering én kritiek op gemeentebou.³

Eerstens word aangetoon hoedat gemeentebou se metode ingebed is in die handelingswetenskaplike kenteorie. Dat hierdie benadering 'n paradigmaterskuiwing poneer, is die konsekwensie van die wyse waarop die Skriftuurlike normvraag in die kontemporêre Praktiese Teologie verantwoord word. Nadat die implikasies hiervan deurgemeet is, word 'n ensiklopediese weg vir gemeentebou in verband met die ekklesiologiese vakgroep beredeneer.

2. GEMEENTEBOU AS HANDELINGSVELD IN DIE PRAKTIESE TEOLOGIE

Praktiese teoloë in Suid-Afrika en in Nederland is toenemend bewus van die kenteoretiese vooronderstelling van die beoefening van hul dissipline. Teenoor die begrip en die hantering van die vak as Diakoniologie (Kuyper 1909; Jonker 1968; 1981; Trimp 1978; 1988:177 e.v.) word 'n sterk saak vir kommunikatiewe handelingsteoretiese Praktiese Teologie uitgemaak (Pieterse 1993; Heitink 1993). Vir die uiteensetting van hierdie benadering beroep praktiese teoloë hulle heel bepaald veral op Firet, Heitink, Van der Ven, Dingemans en Pieterse (vgl. Firet 1980a; 1980b; Heitink 1993; Dingemans 1989:198 e.v., 1996; Pieterse 1993; Burger 1991). Aan die hand van sosiaal-wetenskaplike handelingsteorieë (metateorieë) in relasie tot teologiese basisteorieë, word menslike kommunikatiewe geloofshandeling die fundamentele kategorie van waaruit die kerklike- en geloofspraktyk benader word (vgl. Immink 1994:3; Louw 1996:23).

Gemeentebou se interesse lê by die handeling van die geloofsgemeenskap in 'n spesifieke gemeente — daarom bied die

(Ekklesiologie) en soek ook aansluiting by die Diakoniologie (vgl. Van't Spijker 1994: 46-73; Velema 1996: 172).

- 3 Gemeentebou is in Suid-Afrika en Nederland gebore en getoë in verskillende kerklik-teologiese kontekste. Vgl. Britz & Erasmus (1994: 374-388) en Van't Spijker (1994: 63-71) vir 'n kerkhistoriese omlysting van die ontwikkeling in die twee lande.

kommunikatiewe handelingswetenskaplike kenteorie 'n wetenskaplike basis vir die denke binne hierdie dissipline (vgl. Hendriks 1992:200 e.v.; Heyns 1988; Louw 1992:119-136; Nel 1994:25; Hendriks 1990:25; Bruin 1992). Aan gemeentebou word 'n selfstandige plek toegeken as een van die handelingsvelde wat Praktiese Teologie onder die loep neem. Die bestudering van godsdienstige en kerklike handelingte aan die hand van toepaslike teorieë en modelle oor die opbou van die gemeente, is die objek van teologiese studie (vgl. Heyns 1988:16; Heitink 1993:271). Hiermee stel gemeentebou hom dus op 'n breë wetenskaplike oriëntering. In die beoefening van die dissipline is kenmerkende drywende kragte aanwesig.

Die mees opvallende is dat die de facto situasie van die gemeente teenoor die ideale bestaanswyse gestel word. In hierdie sin moet teorie (die teologiese basisteorie of vertrekpunt) en praktyk interaktief op mekaar betrek word. 'n Kerklike modelletheorie, die empiriese navorsingsmerodologie, basis- en praktykteorievorming, kritiese probleemgerigte teorieë, strategies-teologiese beplanning, programmatiese vernuwingsstrategieë, sosiaal-wetenskaplike insigte asook die ontwerp van 'n funksionele prakties-teologiese ekklesiologie of gemeentebegrip (vgl. Louw 1992:119-136), word in verskillende toepassings en konsepte aangewend om die teorie/praxis spanningsrelasie bipolar te oorbrug (vgl. Hendriks 1990; Burger 1991; Hendriks 1992; Bruin 1992; Van der Ven 1993; Nel 1994; Smit 1995; vgl. Nel 1991:309). Mer die navorsingsmetodes wat Praktiese Teologie bied verseker gemeentebou dus om die praktiese funksionele kant van kerkwees só te bestudeer en bloot te lê dat die regstellende aksie wat moer kom, verantwoord en gerig sal wees op die teoretiese (teologiese) kant van kerkwees.

Korrom, dat gemeentebou 'n deeldissipline van Praktiese Teologie is, word wyd aanvaar — daarom word konsekwent vir Praktiese Teologie gekies eerder as Diakoniologie (vgl. Kuyper 1909; Jonker 1968; 1981; Trimp 1978; 1988:177 e.v.; De Klerk 1983). Onder Suid-Afrikaanse en Nederlandse teoloë in die gereformeerde/hervormde kerke is daar egter 'n groeiende konsensus dat die teorievorming van hierdie dissipline, vergeleke met die tradisionele

beoefening van die diakoniologiese vakke, 'n paradigaverskuiwing veronderstel.

3. GEMEENTEBOU: 'N PARADIGMA- VERSKUIWING

Gemeentebou as teologiese dissipline op basis van die handelingswetenskaplike kenteorie, kondig 'n paradigaverskuiwing in die beoefening van die teologie aan. Die teologiese kritiek wat in hierdie verband geopper word, bevestig dat 'n n uwe wetenskapparadigma inslag gevind het. In Suid-Afrika en in Nederland vra teolo e in mindere of meerdere mate na die normatiewe betekenis en funksionering van die Skrif en die gereformeerde belydenisskrifte in gemeentebou. Met hierdie vraagstelling word uitdrukking gegee aan die oorspronklike teologiese intensie van die Diakoniologie.

So het Te Velde (1989) in Nederland met sy intreerede doelbewys gepraat van Gereformeerde Gemeenteopbouw toe hy hierdie dissipline vanuit 'n Skriftuurlike en gereformeerde basis verantwoord het. Hy stip aan dat sake soos die ampsopvatting, die funksie van die predikant en die struktuur van die gemeente in moderne gemeentebouteorie  op basis van maatskaplike kriteria beredeneer is en dat 'n konfessionele verantwoording gevolglik in die slag bly. Dat gemeentebou op hierdie wyse in die slag van 'n Skrifkritiese en horisontalistiese beoefening van teologie val, is nie denkbeeldig nie (Te Velde 1989:19-20; 26-28). Noordegraaf — wat as praktiese teoloog die belang van die nie-teologiese wetenskappe in gemeentebou onderstreep — wys daarop dat organisatoriese en programmatiese ontwerpe aan die hand van die sosiale wetenskappe, gevaar loop om die teologiese dimensie op die periferie te laat beland (Noordegraaf 1990:127; 1994:7,11; vgl. Hendriks 1990). Dit word duidelik ge illustreer in Van der Ven (1993) se kontekstuele ekklesiologie op basis van empiriese en wetenskaplike korrektheid. Skriftuurlik-teologiese uitgangspunte insake die wese van die kerk, her in sy wetenskapsteoretiese benadering nie die laaste woord nie (vgl. Noordegraaf 1994:7; Louw 1996).

Die handelingsteoretiese bestudering van die kerk en die vitalisering van die plaaslike gemeente met die hulp van 'n magdom nie-teologiese insigte lei gevolglik tot 'n kerksentrisme wat die seggenskap van die Skrif en die belydenisskrifte kortwiek. Waarop dit neerkom, is dat die kerkbegrip of gemeentemodel (en nie die Skrif nie) 'n hermeneutiese en konstituerende funksie vervul ten opsigte van gemeentelike vernuwing (vgl. Erasmus 1995:49). Van 't Spijker wys in die verband op 'n "ont-theologisering" wanneer programmatiese ontwerpe met die oog op gemeentebou die diepste geheim van die gemeente, naamlik dat Christus die Hoof en Bouer van sy kerk is, prysgee (Van 't Spijker 1990:511-513). Brown (1993) en Britz (1995) oordeel op hulle beurt dat die ontwerpe en beredenering met die oog op gemeentebou neerkom op 'n aktualisering en wetenskaplike konkretisering wat die gesag van die Skrif verdraai (Britz 1995:620). Die Skrif kom nie behoorlik aan die bod nie in die benutting van die gemeentegesiedenis en in die ontwerp van kerkteorieë aan die hand van ekklesiologiese en epistemologiese uitgangspunte. Dit lei tot 'n eklekriese Skrifhantering wat die gesag en die aard van die Skrif in relasionele kategorieë uithol (vgl. Britz 1995:622-623).

Kortom, die wyse waarop teologiese en sosiaal-wetenskaplike gegewens in gemeentebou op mekaar betrek word, skep 'n probleem vir die gereformeerde verantwoording van die dissipline. Die uitgangspunt in die Skrif, as heilsopenbaring van God, wat sy gemeente vergader rondom Woord en sakrament, kom in die gedrang. Dit is myns insiens blootlegend van 'n probleem wat aan die teologiese deur van kommunikatiewe handelingswetenskaplike Praktiese Teologie klop. Is teologiese uitgangspunte diepliggend en gegrond, of is dit retories en kenteoreties gekondisioneer?

4. TEOLOGIESE UITGANGSPUNTE OF -RETORIEK IN PRAKTIES-TEOLOGIESE TEORIEVORMING?

Vir die kommunikatiewe handelingswetenskaplike Praktiese Teologie is die tradisionele Skrifteologie of konfessionele benadering nie meer genoegsaam vir die praktyk van die moderne kerklike lewe

nie (vgl. Pieterse 1994:99) — daarom word die teologiese normvraag nie eensydig-deduktief verantwoord nie. Die kenteorie wat hanteer word, vereis dat die normvraag induktief in relasie tot die empiriesosiale werklikheid verantwoord word. Die wyse waarop teologie vir die opbou van die gemeente vanuit 'n magdom nie-teologiese insigte geformuleer word (vgl. par. 2), is bewys hiervan. Wat egter die aard en teologiese karakter van die sogenaamde "teologiese teorieë" binne teorievorming in Praktiese Teologie is, bly die kritiese vraag. In Suid-Afrika en Nederland duik die vraag al hoe meer op (vgl. Dreyer 1991:605-608; 1995:110-111; Louw 1993:206-209; 1996:23-37; Immink 1994; Spoelstra 1995: 210-212; De Ruijter 1992:166-167; Erasmus 1994:98).

Dit is veral die Utrechtse praktiese teoloog, G. Immink (1994), wat in sy intreerede krities reageer op die wyse waarop teoloë soos Van der Ven (1993a; 1993b) en Heitink (1993) prakties-teologiese teorieë aan die hand van praktyk-analises formuleer. Hy wys op 'n kernprobleem in die handelingswetenskaplike Praktiese Teologie, naamlik dat "door de nadruk op het menselijk handelen en door de sociaal-wetenschappelijke invalshoek raakt het theologische karakter van de praktische theologie op de achtergrond" (Immink 1994:3). Teologiese uitgangspunte en die algemene kommunikasieteorie wat ingevoer word, (vgl. Pieterse 1993; Vos 1995) neig om "enigszins los van elkaar" te staan (Immink 1996:64). Dieselfde probleem is by gemeentebou uitgewys, naamlik dat modelle en teorieë oor gemeentebou die band met die Skrif en teologiese uitgangspunte loslaat (Britz 1995:621; Noordegraaf 1994:7; Erasmus 1995:45-49). Dit lei daartoe dat 'n fundamentele teologiese uitgangspunt, naamlik die teenwoordigheid en werklikheid van God in die geloofs- en kerklike praktyk (Immink 1994:3), te midde van kenteoretiese retoriek in die vergeethoekie beland. Dit laat Louw (1996:31) nog onlangs tot die gevolgtrekking kom dat Praktiese Teologie nie kan volstaan met 'n handelingsteoretiese model en induktiewe analises nie. Die punt waarop dit aankom, is dat kommunikatiewe menslike handelinge nie 'n kenbron kan wees vir die praxis en werklikheid van God nie (Louw 1996:32,36).

Wat in werklikheid in Praktiese Teologie (en ook in die gemeentebouteologie) gebeur is dat Skriftuurlike en kofessionele

uitgangspunte as't ware eers opgeskort moet word om suiwer tegnies en empiries-interpretatief die God/mens-interaksie en tussenmenslike handelinge aan die hand van bepaalde teorieë te bestudeer. Die Skriftuurlike normvraag bly daarom relasioneel tot die teorie wat in die tyd geformuleer is en bly dus uiteindelik mensewerk. Dit is die gevolg van die feit dat die Skrif nie in 'n kessionele sin nie, maar aan die hand van teorievorming ter sprake gebring word (Pieterse 1994:98). In die geval van persoonlike geloof funksioneer die Skrif probleemloos, maar allermins in die wetenskaplik-teologiese arbeid — daarom moet teorieë oor die Skrif, wat met verloop van tyd verander en verstel kan word, gebruik word (vgl. Pieterse 1994:98).

Hiermee is die hart van die problematiek in handelingswetenskaplike Praktiese Teologie op die tafel. Dit stuit op 'n inkongruensie tussen kessionele uitgangspunte en wetenskaplik-teologiese arbeid (vgl. Wethmar 1995:65-74). Dit is opvallend dat kessionele taal dikwels nie inpas by wetenskaplike arbeid nie. Die "evangelie", die "heil" en sy "gestaltes" word byvoorbeeld in prakties-teologiese teorievorming op so 'n wyse geobjektiveer, dat die Gewer van die heil in teologiese taal nie beklemtoon word nie (Spoelstra 1995:212). Dit laat Louw (1996:34) vra of daar in Praktiese Teologie nog ruimte is vir 'n belydenis — "Jesus Christus is die Here" (1 Kor. 12:3) — wat geloofshandelinge kessioneel kan verantwoord?

Gemeentebou op basis van die handelingswetenskaplike kenteorie laat die verband tussen die gemeente se kessie in die lig van die Skrif en die wetenskaplike poging tot gemeentevernuwing en herstrukturering, los. Andersom, tussen die belydenis van die gemeente en die struktuur van die gemeente, bestaan 'n duidelike verband (vgl. Van't Spijker 1993:186-198). Dat nuwe metodologiese en ensiklopediese grond vir gemeentebou geploeg moet word, is voor die hand liggend.

5. GEMEENTEBOU: 'N VERBINDING TUSSEN EKKLESIOLOGIE EN DIAKONIOLOGIE

Gemeentebou as teologiese dissipline in handelingswetenskaplike Praktiese Teologie gaan mank aan wesentliche gereformeerd-teologiese uitgangspunte. In die vorige twee paragrawe is dit uitgewys. Om dit hok te slaan, moet die betekenis van die eenheid en wisselwerking van die teologiese ensiklopedie in die spel gebring word. Die praktiese dienskarakter van die teologie ter wille van die opbou van die kerk in die wêreld, was nog altyd 'n saak wat hoog opgegee is (vgl. Heyns & Jonker 1974:193). Die opbou van die kerk van Christus in die lig van die Skrif en die belydenis, kondig 'n besondere teologiese tematiek aan wat 'n interdissiplinêre ensiklopediese verantwoording noodsaak.

Die kurrikulering van gemeentebou in verband met Ekklesiologie en Diakoniologie sal die eenheid tussen die gemeente se belydenis en gemeenteopbou behou. Spoelstra (1993) het in hierdie verband oortuigend aangevoer dat die betrokke twee dissiplines belangrike parameters is om te bevestig in watter mate die eenheid en wisselwerking in die teologiese ensiklopedie gehandhaaf word (Spoelstra 1993:72). Belangrik in hierdie verband is sy opmerking dat die terreine tussen *kerkreg* en dit wat as *gemeentebou* aangedien word, nog nie afgebaken is nie. Praktiese Teologie/Diakoniologie en Ekklesiologie verteenwoordig ook nie respektiewelik die "praktiese" en die "teoretiese" pole van die teologiese besinning oor die kerk en sy opbou nie (Spoelstra 1993:78). Tot op hede is Kerkreg slegs formeel en teoreties in verband met gemeentebou en die praktiese vormgewing daarvan gebring.

Ten grondslag van 'n verbinding tussen Diakoniologie en Ekklesiologie (Kerkreg) lê die oortuiging dat laasgenoemde dissipline teologiese temas operasionaliseer wat gemeentebou begrond en dus daaraan voorafgaan. Hierdie standpunt sny 'n kurrikulering van gemeentebou buite-om die gereformeerde Ekklesiologie dus by die wortel af. Want, "wie de opbouw van de gemeente losmaakt van het kerkrecht als theologische wetenschap, zal de opbouw van de gemeente maken tot een hulpvak, dat

zelfstandig opereert en daardoor gevaar loopt tot een pastorale techniek te worden, een deskundigheid op zichzelf' (Van't Spijker 1994:72). Na sy oorspronklike reformatoriese bedoeling bestudeer Kerkreg daardie sake wat te make het met die reg en die regering van Christus tot opbou van sy kerk (Van't Spijker 1992:86-101). Dit moet dan verstaan word as die reg wat voortvloei uit die genade en versoening in Christus en wat uitdrukking vind in die Goddelike orde van die heil. Die teologiese besinning binne hierdie dissipline is dus prakties gerig op die deurgang van Christus se regering in sy kerk en die effektuering van sy genade (vgl. Smit 1985; Van't Spijker 1994:47-49). So bring die ekklesiologiese vakgroep fundamentele teologiese uitgangspunte in die spel waarsonder geen gemeentebou in die gereformeerde sin van die woord kan geskied nie. Gebonde aan die grondprinsiepe van Christus se reg en regering in sy kerk het die Diakoniologie die taak om die implikasies hiervan, soos dit gestalte vind in die diens van die gemeente, omvattend te bestudeer.

As Kerkreg met gemeentebou in verband gebring word, word 'n saak aangestip wat blywende betekenis het vir die opbou van die gemeente. Die *aedificatio ecclesiae* is oorspronklik en kerkhistories in verskillende gereformeerde kerkordes te berde gebring.

6. DEURGANG VIR GEMEENTEBOU: 'N SKRIFTUURLIKE KERKORDE

Vir die gereformeerde teologie is dit nie vreemd om die kerk se lewe, diens en opbou in verband met die begrip orde te verstaan nie — daarom is dit oorspronklik in kerkordes verwoord (Spoelstra 1984:26; Van't Spijker 1990:309). Kan die gemeente van die laat twintigste eeu aan die hand van kerkordes uit die sestiende eeu opgebou word? Die kerkorde word vandag immers nie gunstig ontvang nie. Ook het dit — om die geskiedenis van die NG Kerk as voorbeeld te noem — mettertyd 'n regskerklike en reglementele inslag gekry wat aan die oorspronklike bedoeling verbygaan (vgl. Brown 1979:277-304; 1992:691-715; Britz 1985:432-451).

Indien gemeentebou egter aan die teologiese dilemmas van die huidige prakties-teologiese verantwoording daarvan wil ontkom, sal die blywende teologiese betekenis van die gereformeerde kerkorde

weer in 'n eietydse sin ontgin moet word. Die eerste gereformeerde kerkordes van die sestiende eeu het juis die opbou van die gemeente, vanuit die Skrif en belydenis, as uitgangspunt gehad (Britz 1995b:56-65). Daarin het wesenlike Bybels-teologiese prinsipes, wat nie tydgebonde is nie maar blywende betekenis het vir die opbou en struktuur van die gemeente, aan die orde gekom. Die kerkorde skep 'n bepaalde struktuur wat wentel rondom die Woordbediening, sakramente, tug, ampte, dienste, die gemeente en die verband tussen kerke. Die kerkorde reël dus die praktiese vormgewing van Christus se regering en diens tot opbou van sy kerk (Van't Spijker 1993:182 e.v.). In hierdie sin wil die kerkorde niks meer bewerk nie as om deurgang te verleen aan die werklikheid van God en die regering van Christus in die proses van gemeentebou. Die seggingskrag van die kerkorde lê dus nie by 'n nuwe kerkmodel of vernuwingsstrategie nie. Dit lê by die Woord en Gees wat die gemeente bind aan die orde van die heil van God in Christus. Hierdie Goddelike orde van die heil lê ten grondslag van die ordening en opbou van die kerklike lewe. Sentraal in hierdie orde — en dus in gemeentebou — staan die werklikheid van die gemeenskap met Christus (Van't Spijker 1994:72). 'n Kerkorde word dus breedweg opgevat as die konfessionele verwoording van lewe, werk en opbou wat die Here Jesus deur die Woord en Gees in die gemeente skep, in stand hou en voortgang laat vind en waartoe hy mense inskakel.

Die formulering van 'n eietydse Skriftuurlike kerkorde sal ook nie aan die eise van die tyd en die konteks verbygaan nie. Kerkhistorici wys daarop dat die kerkordes van die sestiende eeu juis 'n gevoeligheid gehad het vir die eise van die tyd (vgl. Van't Spijker:1993:183). Om die samelewing waarbinne die opbou van die kerk gestalte moet kty te begryp, sal 'n bevrugtende invloed uitoefen op die vormgewing van die kerkorde. Vanuit 'n gebondenheid aan die gesag van die Skrif en die belydenis kan die nie-teologiese wetenskappe gevolglik insig gee in die prosesse van die samelewing en sodoende die vormgewing van 'n kerkorde op 'n bepaalde wyse begelei.

6.SAMEVATTING

Gemeentebou moet sy plek vind midde in 'n teologiese wêreld wat

gekenmerk word deur kenteoretiese beslissings en paradigmadiese skuiwe. As teologiese dissipline in die kader van die gereformeerde teologie, kan dit nie *per se* as deeldissipline van handelingswetenskaplike Praktiese Teologie verantwoord word nie. Die resultate van die handelingswetenskaplike paradigma sal voortdurend 'n teologiese skrutineringsoproep by kerke binne die gereformeerde tradisie. Ook vir die Diakoniologie of 'n konfessionele benadering tot "Praktiese Teologie" (vgl. de Ruijter 1992:163-168) sal met die oog op die moderne konteks nuwe kenteoretiese grond geploeg moet word (vgl. Spoelstra 1995:214-217). Die reg en regering van Christus in die opbou van sy kerk is egter nie agterhaal nie — daarom sal die verbinding tussen Ekklesiologie en Gemeentebou 'n ensiklopediese reëling verteenwoordig met ingrypende teologiese en praktiese konsekwensies. Dit sal lei tot 'n nuwe eietydse Skriftuurlike kerkorde, wat sig bied op gemeentebou wat sy diepe sin vind in die krag van die Woord en die Gees.

BIBLIOGRAFIE

Agenda van die sewende vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk gehou te Kaapstad op Dinsdag 14 Oktober 1986 en volgende dae. Bloemfontein: NG Sendingpers.

Britz R M

1985. Oor die kerkbegrip en ordening van die kerklike lewe by die Nederduitse Gereformeerde Kerk, in *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, September, 432-451.

1995a. Nog opmerkings en vraagstelling aan die beoefenaars van gemeentebou, in *NGTT*, Desember, p. 617-625.

1995b. Driehonderd vyf en sewentig jaar later nagedink oor die Dordtse Kerkorde uit die geleedere van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, in *UV-Teologiese studies* no. 8, p. 56-65., Bloemfontein.

Britz R M & L M Erasmus

1994. 'n Oorsig van die ontwikkeling van 'n gemeentebou-teologie in die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1970-1994, in *NGTT*, September, p. 374-388.

Brown E

1979. Die spoor wat die Ned. Geref. Kerk in sy kerkregering en kerkreg gedurende die twintigste eeu gevolg het, in *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, September, 277-304.

1992. Die hervertolking van die paradigma in verband met die Kollegialisme om die Afrikaanse kerke kerkregtelik te verstaan, in *Hervormde Teologiese Studies*, 48(3&4), 691-715.

1993. Opmerkings en vraagstelling aan die beoefenaars van gemeentebou, in *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, September, 414-416.

Bruin J

1992. *Kerkvernuwing. Een praktisch-ecclesiologiese ondersoek naar de betekenis van 'Gemeentepbouw' voor de Nederlandse Hervormde Kerk.* Zoetermeer: Boekencentrum B.V.

Burger C W

1991a. Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap.

Kaapstad: Lux Verbi.

1991b. Praktiese Teologie in Suid-Afrika. RGN-studië in Metodologie. Pretoria: RGN.

De Klerk J J

1983. Diakoniologie. DKN 601, Klasdiktaat: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

De Ruijter C J

1992. De horizon van het heil. Theorie en praxis bij Johann Baptist Metz en Clodovis Boff, mede in verband met de verkondiging van het diaconaat van de kerk. Kampen: Kok.

Dingemans G D J

1989. Praktische theologie als een academische discipline, in Nederlands Theologisch Tijdschrift, 43(3), 192-212.

1996. Manieren van doen. Inleiding tot de studie van de Praktische Theologie. Kampen: Kok.

Dreyer T F J

1991. Eerste treë in die Praktiese Teologie — waarheen? In Hervormde Teologiese Studies, 47(3), 597-608.

1995. Resensie van Pieterse, H.J.C. 1993. Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingsteorie, in Praktiese Teologie in Suid-Afrika, 10 (1), p110-111.

Erasmus L M

1994. Sola Ecclesia? 'n Kritiese verantwoording van die kerkbegrip van die gemeenteboueteologie in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Ongepubliseerde D Th-Proefskrif: UOVS.

1995. Sola Ecclesia? 'n Kritiese vraagstelling na aanleiding van die kerkbegrip van die gemeenteboueteologie in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, in Praktiese Teologie in Suid-Afrika, 10 (2), p. 40-51.

Firet J

1980a. De plaats van de Praktische Theologie binnen de Theologische Faculteit, in Van Andel, C.P. et al. Praktische Theologie — Een bundel opstellen over plaats en praktijk van de christelijke gemeente, 's Gravenhage: Boekencentrum, 9-25.

1980b. Kroniek van de Praktische Theologie, in *Praktische Theologie*, 1980/1, 5-15.

Hendriks H J

1992. *Strategiese beplanning in die gemeente. Beginsels en praktyk van gemeente vernuwing*. Wellington: Hugenote Uitgewers.

1992. *Een vitale en aantrekkelijke gemeente — model en metode van gemeenteopbouw*. Derde druk. Kampen: Kok.

Heyns J A & W D Jonker

1974. *Op weg met die teologie*. Pretoria: NG Kerkb Boekhandel.

Heyns L M

1988. Die plek van gemeentebou binne die Praktiese Teologie, in *Theologica Evangelica*, 21(1), 14-18.

Immink F G

1994. *Theologische Praktijk Analyse*. Utrecht: Univ. Utrecht Uithof.

1996. Resensie van Vos, C.J.A. 1995. Die Blye Tyding. Homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief, in *Theologia Reformata*, xxxix, p. 64.

Jonker W D

1968. *Theologie en praktyk. Een peiling van het theologisch karakter van de diakonologische vakken*. Kampen: Kok.

1981. In diens van die Woord. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Kuyper A

1909. *Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid, III*. Kampen.

Louw D J

1992. Die ontwerp van 'n prakties-teologiese ekklesiologie vir gemeentebou, in *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 7(2), 119-136.

1993. Praktiese Teologie — 'n fenomenologiese stuip trekking? In *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 8(2), 206-209.

1996. Praktiese Teologie in sosiologiese perspektief — enkele kritiese vrae met die oog op teologiese teorievorming, in *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 11 (1), p. 23-37.

Nel M

1991. Die wisselwerking tussen teorie/praxis in die Praktiese Teologie, in *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 6(1), 22-37.

1994. *Gemeentebou*. Johannesburg: Orion

Noordegraaf A

1990. Oorwegingen rondom het tema gemeentebou, in *Theologia Reformata*, 33(2), 123-145.

1994. Ontwikkelings en aandachtsvelde in het vak gemeentebou, in *Theologia Reformata*, xxxvii, p. 5-27.

Pieterse H J C

1993. *Praktiese Teologie as kommunikatiewe bandelingsteorie*. Pretoria: RGN.

1994. Metateorie as wetenskapsbenadering in die Praktiese Teologie, in *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 9 (1), p. 93-100.

Smit C J

1985. Kerkreg en Kerkorde in die lig van God se reg en orde vir Sy kerk. Th.D.-proefskrif: PU vir CHO.

Smit A (red)

1995. *Nuut gedink oor leierskap in gemeentes*. Kaapstad: Lux Verbi.

Spoelstra B

1984. Gereformeerde kerkbegrip en kerkklidmaatskap, in *In die Skriflig*, 18(70), 20-32.

1993. Besinning oor die teologiese ensiklopedie van Kuyper met Kerkreg en Diakoniologie as parameters, in *In die Skriflig*, 27(1), 69-89.

1995. Wetenskapsteoretiese besinning oor die grondslae van die Diakoniologie, in *In die Skriflig*, 29(1&2), p.203-220.

Te Velde M

1989. *Gereformeerde Gemeentebou. Een eerste koersbepaling voor een nuwe teologiese vak*. Barneveld: De Vuurbraak.

Trimp C

1978. *Inleiding in de ambtelijke vakken*. Kampen: V.D.Berg.

Van der Ven J A

1993a. *Ecclesiology in context*. Kampen: Kok.

1993b. *Practical Theology: An empirical approach*. Kampen: Kok.

Van't Spijker W

1990. Aspekten van gemeentepbou in de Reformatie, in *Theologia Reformata*, 33(4), 309-332.

1993. Reformatie en Kerkorde, in *Theologia Reformata*, xxxvi, p. 177-201.

1994. Kerkrecht en gemeentepbou, in Van Genderen, J. & W.H. Velema (reds.) *Vorming en Verdieping*, p. 46-73, Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

Van't Spijker W & L C Van Drimmelen (reds)

1992. *Inleiding tot de studie van het Kerkrecht*. Kampen: Kok.

Velema W H

1996. *Door het Woord bewogen*. Leiden: JJ Groen.

Vos C J A

1995. *Die Blye Tyding. Homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief*. Pretoria: RGN.

Wechmar C J

1994. Wetenskaplikheid en konfessionaliteit van die teologie: Enkele gesigspunte in verband met die teologiebegrip van JA Heyns, in *Skrif en Kerk*, 15 (1), p. 65-74.